


BUITENGEWONE



# OFFISIËLE KOERANT

## VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30      Maandag 4 Junie 1984      WINDHOEK      Monday 4 June 1984      No. 4905

**INHOUD:**

**CONTENTS:**

*Bladsy*

*Page*

**PROKLAMASIES**

**PROCLAMATIONS**

- No. AG. 11 Verklaring van Nomtsoub Uitbreiding 1 tot goedgekeurde Dorp 1
- No. AG. 12 Uitbreiding van die aantal lede van die Kapteinsraad en Volksraad van Rehoboth en Herafbakening van Kiesafdelings in Rehoboth 5

- No. AG. 11 Declaration of Nomtsoub Extension 1 to be an approved Township 1
- No. AG. 12 Increase of members of the Kaptein's Council and Legislative Council of Rehoboth, and Redelimitation of Electoral Divisions in Rehoboth 5

**Proklamasies**

**Proclamations**

van die

by the

**ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA**

**ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA**

No. AG. 11 1984

No. AG. 11 1984

**VERKLARING VAN NOMTSOUB UITBREIDING 1 TOT GOEDGEKEURDE DORP**

**DECLARATION OF NOMTSOUB EXTENSION 1 TO BE AN APPROVED TOWNSHIP**

Kragtens artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby die gebied Nomtsoub Uitbreiding 1 voorgestel op Algemene Plan B77 (A.448/82) tot goedgekeurde dorp.

Under section 13 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby declare the area Nomtsoub Extension 1 represented by General Plan B77 (A.448/82) to be an approved township.

Die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, word ingevolge genoemde artikel 13 in die Bylae uiteengesit.

The conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted, are set forth in the Schedule in terms of the said section 13.

**W.A. VAN NIEKERK**

**W.A. VAN NIEKERK**

Administrateur-generaal Windhoek, 18 Mei 1984

Administrator-General Windhoek, 18 May 1984

## BYLAE

## SCHEDULE

## 1. NAAM VAN DORP

Die dorp heet Nomtsoub Uitbreiding 1.

## 2. SAMESTELLING VAN DORP

Die dorp bestaan uit 194 erwe genommer 164 tot 332, 1436 tot 1460, 1 oop ruimte genommer 1461 en strate soos aangedui op Algemene Plan B77 (A.448/82).

## 3. TITELVOORWAARDES

A. Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewyse van alle erwe.

(1) Die eienaar en enige huurder van die erf is verplig om toe te laat -

(a) dat sodanige waterpyplyne, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp, of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne soos die plaaslike bestuur van tyd tot tyd nodig ag, op so 'n wyse en in so 'n ligging soos van tyd tot tyd na oorlegging met die eienaar van die erf deur die plaaslike bestuur bepaal word, oor die erf aangelê word;

(b) dat enige materiaal wat uitgegrawe word gedurende die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne, tydelik op die erf geplaas mag word;

(c) dat enige materiaal wat uitgegrawe word gedurende die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne op 'n aangrensende eiendom, tydelik op die erf geplaas mag word;

(d) dat iedereen van wie dit vereis word om die erf te betree ten einde sy pligte in verband met sodanige konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne, of enige ander werk wat daarmee in verband staan, te verrig, die erf te enige redelike tyd mag betree,

## 1. NAME OF TOWNSHIP

The township shall be called Nomtsoub Extension 1.

## 2. COMPOSITION OF TOWNSHIP

The township comprises 194 erven numbered 164 to 332, 1436 to 1460, 1 open space numbered 1461 and streets as indicated on General Plan B77 (A.448/82).

## 3. CONDITIONS OF TITLE

A. The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven:

(1) The owner and any lessee of the erf shall be obliged to allow -

(a) such water pipe-lines, storm water drainpipes, sewer-pipes or overhead or underground electrical supply lines as may from time to time be considered necessary by the local authority, to be constructed across the erf in such a manner and in such a position as may from time to time be determined by the local authority after consultation with the owner of such erf;

(b) any materials that may be excavated during the construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm water drainpipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line, to be placed on the erf temporarily;

(c) any material that may be excavated during the construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm water drainpipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line on any adjoining property, to be placed on the erf temporarily;

(d) any person who may be required to enter the erf in order to perform his duties pertaining to such construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm water drainpipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto, to enter the erf at all reasonable times,

sonder dat enige vergoeding op die plaaslike bestuur verhaalbaar sal wees: Met dien verstande dat enige skade veroorsaak by die konstruksie, instandhouding of verwydering van enige sodanige waterpyplyn, stormwaterafvoerpyp, rioolpyp of bogrondse of ondergrondse elektriese kragtoevoerlyn of enige ander werk wat daarmee in verband staan, of enige skade veroorsaak by die plasing op of verwydering van die erf van enige materiaal bedoel in subparagraaf (b) of (c), deur die plaaslike bestuur vergoed moet word.

(2) Die eienaar van die erf moet op eie koste 'n keermuur of keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, oprig om te verhinder dat deel van die erf in enige straat wat aan die erf grens val, of andersom, na gelang: Met dien verstande dat waar die eienaar van die erf reeds so 'n keermuur of keermure wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, opgerig het en enige straat of strate wat aan die erf grens daarna gemaak of herbou word op so 'n vlak dat dit tot gevolg het dat 'n nuwe keermuur of keermure opgerig moet word of dat 'n bestaande keermuur of keermure verander moet word om te verhinder dat deel van die erf in die straat val, of andersom, na gelang, sodanige oprigting of verandering op koste van die plaaslike bestuur gedoen moet word.

(3) Op die erf mag nie na water geboor of gegrawe word nie.

(4) Geen melkery, stal, koeistal, abattoir, varkhok, bakkerij, worsfabriek of enige hinderlike bedryf hoegenaamd, mag op die erf aangebring of bestuur word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "hinderlike bedryf" enigeen van die besighede, bedrywe, werke of inrigtings genoem in regulasie 1(a) van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 141 van 10 November 1926, soos gewysig.

(5) Buiten met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur mag geen stene, teëls of erdepype of enige ander artikels van soortgelyke aard vir enige ander doel as die oprigting van 'n gebou op die erf, op die erf gemaak word nie.

(6) Geen beeste, skape, varke, bokke, bobbejane, ape, of roof- of trekdier mag op die erf aangehou word nie.

without any compensation being recoverable from the local authority: Provided that any damage caused at the construction, maintenance or removal of any such water pipe-line, storm water drainpipe, sewer-pipe or overhead or underground electrical supply line or any other work pertaining thereto or any damage caused at the placing on or removal from the erf of any materials referred to in subparagraph (b) or (c), shall be compensated by the local authority.

(2) The owner of the erf shall at his own expense erect a retaining wall or retaining walls approved by the local authority to prevent any portion of the erf from falling into any street adjoining the erf or *vice versa*, as the case may be: Provided that where the owner of the erf has already erected such a retaining wall or retaining walls approved by the local authority, and any street or streets adjoining the erf are thereafter constructed or reconstructed on such a level that as a consequence thereof a new retaining wall or retaining walls have to be erected or that an existing retaining wall or retaining walls have to be altered to prevent any portion of the erf from falling into the street or *vice versa*, as the case may be, such erection or alteration shall be effected at the expense of the local authority.

(3) It shall not be permissible to drill or excavate for water on the erf.

(4) No dairy, stable, cowshed, abattoir, piggery, bakery, sausage factory or any offensive trade whatsoever, shall be established or conducted on the erf.

For the purposes of this paragraph "offensive trade" shall mean any of the businesses, trades, works or institutions mentioned in regulation 1(a) of the Regulations promulgated under Government Notice 141 of 10 November 1926, as amended.

(5) Except with the written permission of the local authority no bricks, tiles, earthenware pipes or any articles of a like nature shall be made on the erf for any purpose other than the erection of a building on the erf.

(6) No cattle, sheep, pigs, goats, baboons, monkeys, beasts of prey or draught animals shall be kept on the erf.

(7) Daar mag geen hindernis of verlegging van enige natuurlike stormwatergeleiding oor die erf wees sonder skriftelike goedkeuring van die plaaslike bestuur nie.

B. Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewys van erf 225:

(1) (a) Die erf mag slegs vir kerkdoeleidnes gebruik word.

(b) Slegs een hoofgebou, waarvan die bouwaarde nie minder as R25 000,00 mag wees nie, tesame met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word.

(2) Geen geboue of strukture, of enige deel daarvan, (behalwe grensmure of omheinings), na gelang, mag binne 5 meter van enige straatgrens, en geen hoofgebou mag binne 3 meter van enige agtergrens of sygrens van die erf, opgerig word nie: Met dien verstande dat buitegeboue op enige agtergrens of sygrens opgerig mag word mits die muur wat op sodanige agtergrens of sygrens opgerig word, 'n brandmuur is.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "straatgrens" enige grens gemeenskaplik met 'n straat, "sygrens" enige grens wat minstens een eindpunt op 'n straatgrens het, en "agtergrens" enige ander grens as 'n sy- of straatgrens.

C. Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur geregistreer word teen die titelbewys van alle erwe, behalwe erf 225:

(1) (a) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word.

(b) Slegs een woonhuis, waarvan die bouwaarde nie minder as R5 000,00 mag wees nie, tesame met die nodige buitegeboue, mag op die erf opgerig word: Met dien verstande dat 'n tweede woonhuis, waarvan die bouwaarde nie minder as R5 000,00 mag wees nie, tesame met die nodige buitegeboue, op die erf opgerig mag word, met die goedkeuring van, en onderworpe aan die voorwaardes opgelê deur, die plaaslike bestuur.

(2) Geen geboue of strukture of enige deel daarvan (behalwe grensmure, omheinings, brandmure of spoorlyne), na gelang, van

(7) There shall be no obstruction or deviation of any natural storm water drainage over the erf without the written approval of the local authority.

B. The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deed of erf 225:

(1) (a) The erf may be used for church purposes only.

(b) Only one main building, the building value of which shall be not less than R25 000,00, together with the necessary outbuildings, may be erected on the erf.

(2) No buildings or structures, or any portion thereof, (except boundary walls or fences), as the case may be, shall be erected within 5 metres of any street boundary, and no main building shall be erected within 3 metres of any rear boundary or lateral boundary of the erf: Provided that outbuildings may be erected on any rear boundary or lateral boundary if the wall erected on such rear boundary or lateral boundary, is a firewall.

For the purposes of this paragraph "street boundary" shall mean any boundary common to a street, "lateral boundary" shall mean any boundary having at least one end on a street boundary, and rear boundary shall mean any boundary other than a lateral or street boundary.

C. The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of all erven except erf 225:

(1) (a) The erf may be used for residential purposes only.

(b) Only one dwelling, the building value of which shall be not less than R5 000,00, together with the necessary outbuildings, may be erected on the erf: Provided that a second dwelling, the building value of which shall be not less than R5 000,00, together with the necessary outbuildings, may be erected on the erf, with the approval of, and subject to the conditions imposed by, the local authority.

(2) No buildings or structures or any portion thereof (except boundary walls, fences, fire walls or railway lines), as the case may be,

die geval, mag binne 3 meter van enige straatgrens of agtergrens of binne 1,25 meter van enige sygrens van die erf opgerig word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf beteken "straatgrens" enige grens gemeenskaplik met 'n straat, "sygrens" enige grens wat minstens een eindpunt op 'n straatgrens het, en "agtergrens" enige grens buiten 'n sy- of straatgrens.

shall be erected within 3 metres of any street or rear boundary or within 1,25 metres of any lateral boundary of the erf.

For the purposes of this paragraph "street boundary" shall mean any boundary common to a street, "lateral boundary" shall mean any boundary with at least one end on a street boundary, and "rear boundary" shall mean any boundary other than a lateral or street boundary.

No. AG. 12

1984

**UITBREIDING VAN DIE AANTAL LEDE VAN DIE KAPTEINSRAAD EN VOLKSRaad VAN REHOBOTH EN HERAFBAKENING VAN KIESAFDELINGS IN REHOBOTH**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 40 van die Wet op Selfregering vir Rehoboth, 1976 (Wet 56 van 1976), en op versoek van die Kapteinsraad en Volksraad van Rehoboth -

1. brei ek hierby die aantal lede van genoemde Kapteinsraad en Volksraad uit deur -
  - (a) met ingang van 1 April 1984 in subartikel (3) van artikel 2 van genoemde Wet die woord "twee" deur die woord "vier" te vervang; en
  - (b) met ingang van 2 Julie 1984 in paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel 3 van genoemde Wet die woord "ses" deur die woord "nege" te vervang;
2. bepaal ek hierby dat die Kapteinsraad vir die doeleindes van bedoelde uitbreiding van die aantal lede van die Volksraad en ondanks enige andersluidende wetsbepalings, 'n kommissie kan aanstel wat bestaan uit 'n regter van die Hooggeregshof van Suidwes-Afrika, vir die herafbakening van Rehoboth in nege kiesafdelings ingevolge die bepalinge van subregulasies (2) tot (7) van regulasie 17 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2478 van 17 Desember 1976; en

No. AG. 12

1984

**INCREASE OF MEMBERS OF THE KAPTEIN'S COUNCIL AND LEGISLATIVE COUNCIL OF REHOBOTH, AND REDELIMITATION OF ELECTORAL DIVISIONS IN REHOBOTH**

Under the powers vested in me by section 40 of the Rehoboth Self Government Act, 1976 (Act 56 of 1976), and at the request of the Kaptein's Council and Legislative Council of Rehoboth, I hereby -

1. increase the members of the said Kaptein's Council and Legislative Council by -
  - (a) the substitution, with effect from 1 April 1984, in subsection (3) of section 2 of the said Act, for the word "two" of the word "four"; and
  - (b) the substitution, with effect from 2 July 1984, in paragraph (a) of subsection (1) of section 3 of the said Act, for the word "six" of the word "nine";
2. determine that the Kaptein's Council may, for the purposes of the said increase of the members of the Legislative Council and notwithstanding any provisions to the contrary contained in any law, appoint a commission consisting of a judge of the Supreme Court of South West Africa for the redelimitation of Rehoboth into nine electoral divisions in terms of the provisions of subregulations (2) to (7) of regulation 17 of the regulations promulgated by Government Notice R.2478 of 17 December 1976; and

3. wysig ek hierby bedoelde regulasie 17 deur in subregulasie (1) die woorde "ses kiesafdelings" deur die woorde "dieselfde aantal kiesafdelings as die aantal lede waaruit die Volksraad na die eersvolgende algemene verkiesing van sodanige lede moet bestaan" te vervang.

**W.A. VAN NIEKERK**

Administrateur-generaal Windhoek, 15 Mei 1984

3. amend the said regulation 17 by the substitution in subregulation (1) for the words "six electoral divisions" of the words "the same number of electoral divisions as the number of members the Legislative Council shall be comprised of after the next general election of such members".

**W.A. VAN NIEKERK**

Administrator-General Windhoek, 15 May 1984

INTHE PART OF MEMBERS OF THE LEGISLATIVE COUNCIL AND THE LEGISLATIVE ASSEMBLY OF THE PARLIAMENT OF SOUTHWEST AFRICA

That the words "six electoral divisions" in subregulation (1) of regulation 17 of the Electoral Divisions Act, 1972, be substituted by the words "the same number of electoral divisions as the number of members the Legislative Council shall be comprised of after the next general election of such members".

W.A. VAN NIEKERK  
Administrator-General

IN THE PART OF MEMBERS OF THE LEGISLATIVE COUNCIL AND THE LEGISLATIVE ASSEMBLY OF THE PARLIAMENT OF SOUTHWEST AFRICA

That the words "six electoral divisions" in subregulation (1) of regulation 17 of the Electoral Divisions Act, 1972, be substituted by the words "the same number of electoral divisions as the number of members the Legislative Council shall be comprised of after the next general election of such members".

W.A. VAN NIEKERK  
Administrator-General

Gedruk deur en verkrygbaar by  
**SWAPERS**  
Posbus 56, Windhoek  
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from  
**SWAPERS**  
P.O. Box 56, Windhoek  
South West Africa